LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 32/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Tollenaar vs Fariseër – wie is jy?

By geleentheid loop 'n man by 'n klomp verveelde seuntjies verby en vra: "Waarom speel julle nie?" Een antwoord: "Ons wil graag oorlog-oorlog speel, maar ons kan nie" antwoord hy mismoedig. "Waarom nie?" vra die man verbaas. "Omdat elkeen van ons die generaal wil wees", kom die antwoord. Hoe waar is hierdie nie in baie van ons se lewe nie, "ek speel nie as ek nie kaptein is nie" of "dis ons goeies teen julle". Baie geleenthede gaan by ons verby om 'n konneksie met ander te maak, maar ek word vasgevang met voorwaardes. Die lewe is te kort om aanstellerig te wees. Jesus vertel in Lukas 18 die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar. Die Fariseër bid en bedank goed dat hy nie soos ander is nie, hy is beter, hy vertel ook vir God van die goeie dade wat hy doen. Die tollenaar buig en slaan op sy bors met die eenvoudige gebed, "wees my arme sondaar genadig." Daar is geen twyfel wie van die twee se saak met God reg was nie. Ons staan voor 'n keuse, ons kan saam met die algemene tendens van die wêreld gaan en fokus op selfverheffing of ons kan ons in nederigheid voorbrei op Jesus se wederkoms. Ek is egter redelik seker daar is nie plek vir ego's in die Hemel nie.

## Goegieland

Hier volg 'n paar belangrike inligtingspunte en reëlings:

• **Gradeplegtigheid Fotobestellings:** Onthou asseblief dat die bestellings vir Gradeplegtigheid-foto's op 30 September 2025 sluit. Maak asseblief seker dat u bestelvorm betyds ingegee word om teleurstelling te voorkom.

• **Kleuterskoolhek:** Die hek sluit stiptelik om 08:00. Indien u later arriveer of verdaag, gebruik asseblief die kantoor-ingang. Ouers raak gereeld ongelukkig met personeel omdat ons by hierdie reëling hou. Dit is absoluut vir u kleuters se eie veiligheid. Die kleuters se veiligheid is en bly altyd ons eerste prioriteit.

• **Kosblikke:** Help ons asseblief om gesonde gewoontes aan te leer en die klas- en skoolreëls te volg. Dieselfde reëls geld by Biekie Skool. Verkeerde items in kosblikke skep oneindig baie onenigheid tussen maats. Maats pak nie hul eie kosblikke nie. Daarom doen ons 'n ernstige beroep op u om hierdie reël te respekteer en na te kom. Indien u twyfel, vra gerus die klasonderwyseres vir leiding. Pak gesonde kos in, geen gaskoeldranke word toegelaat nie. Lekkers word net op Vrydae toegelaat.

• **Klere en besittings:** Merk asseblief al u kleuter se klere, skoene en persoonlike items duidelik. Dit help om verlore items vinnig terug te kry. Ons werk hard daaraan om die waarde van verantwoordelikheid vir ons kleuters aan te leer en in te oefen. Gemerkte items vergemaklik hierdie proses.

• **3 Oktober 2025 – Insektedag:** Op Vrydag, 3 Oktober 2025 kan ons maatjies vir die kwartaal se laaste pretdag aantrek soos enige insek. Gebruik jul kreatiwiteit. Ons herinner u asseblief weer dat hierdie pretdae nie ingestel is om u geld te kos nie.

• **3 Oktober 2025 Skoolvakansie:** Die skool sluit op Vrydag, 3 Oktober 2025 om 11:00 vir die vakansie. Rapporte en spogboekies word dan uitgegee. Gr 000 en Gr 00 ontvang nie 'n rapport nie, maar kry 'n spogboekie met al hul werk. Neem gerus die tyd om saam met u kleuter deur hierdie harde werk te blaai en hul vordering en groei te vier. Rapporte vir Gr. R-maats word op 3 Oktober 2025 uitgedeel.

Dankie vir julle ondersteuning – saam bou ons 'n gelukkige en gesonde leeromgewing vir ons kleuters.

Groete uit Goegieland.

## Week se Program

### 29 September 2025

- Revue Kleedrepetisie te Kruik

### 30 September 2025

- Revue te Kruik

### 1 Oktober 2025

- Revue te Kruik

### 3 Oktober 2025

- Skool sluit 11:00 vir Vakansie




## Skool sluit Vrydag, 3 Oktober 2025 om 11:00 vir die skoolvakansie

## Revue Kleedrepetisie

Maandag, 29 September 2025, is dit kleedrepetisie by die Kruik-gemeente.

**Tye vir Kleedrepetisie:**
Juniorfase (Gr. 1 tot 3) - 07:30 tot 10:15
Seniorefase (Gr. 4 tot 7) - 10:00 tot 13:15

Ons versoek vriendelik dat u u kind(ers) op die bogenoemde tye sal aflaai en weer betyds oplaai. Neem kennis dat geen ouer tydens die kleedrepetisie in Kruik toegelaat sal word nie. Weens die beplande kleedrepetisie sal daar **GEEN AKADEMIESE WERK** plaasvind nie. Ons **VERSOEK VRIENDELIK**, indien dit moontlik is, dat u u kind op hierdie dag **SAL TUIS HOU**. Daar sal wel toesig wees indien dit vir u onmoontlik is om u kind tuis te hou.




## Revue

Hop Hop... Nee nie Spinnekop, maar Hop Hop AFRIKAANS MET SKOP... is amper op die planke! Dagboek die datums...30 September 2025 en 1 Oktober 2025 te Kruik! Dis 1,2,3 en jy koop 'n kaartjie vir die nostalgiese aand. Volg net die skakel en dan sien Goedehoop se dans guru's jou daar!! Geen kontant word aanvaar by die voogde nie. Opskud tyd raak min!

## Algemene Kennis

Baie geluk aan ons junior maats wat so goed gevaar het in ons jaarlikse Algemene Kennis.

**Graad 1**
Adelein Pretorius - 1ste
Wesson Marais - 2de
Leia Zwarts - 3de

**Graad 2**
Dohandré Carstens - 1ste
Thea van Rooyen - 2de
Keagan Bloem - 3de

**Graad 3**
Arno Raath - 1ste
Simon Mostert - 2de
Kegan Meyer - 3de






| 29 Sept | 30 Sept | 1 Okt | 2 Okt | 3 Okt | 4 Okt | 5 Okt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Brandt du Plessis<br>Willem Marais<br>Danel van der Walt | Jayden Bronkhorst<br>Mia-nay Terry | Nathan van Niekerk<br>Miané Fourie<br>Gareth Smith | Louwrens Joubert<br>Vincent Moffett<br>Mian van Dyk<br>Jacobus Louwrens | Ruben Combrinck<br>Andrich Combrinck<br>Kylo Kock<br>Tatiana Visser | |

# Artistatue Drama Kompetisie

Die volgende leerders het 28 en 29 Julie 2025 aan die Artistatue Kompetisie deelgeneem en kwalifiseer om aan die finaal deel te neem op 20 tot 26 Oktober 2025. Baie geluk, ons is trots op julle!

**Graad 0**

| | |
|---|---|
| Evalt Vermaas | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Voordrag<br>- Gedramatiseerde Groepgedig |
| Zetcke Soule | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Gedramatiseerde Groepgedig |
| Steyn van Onselen | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Gedramatiseerde Groepgedig |

**Graad 1**

| | |
|---|---|
| Leah Nieuwoudt | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Voordrag |
| Leia Zwarts | - Mimiek<br>- Samespraak |

**Graad 2**

| | |
|---|---|
| Mia van der Merwe | - Poetry |
| Luka Breytenbach | - Dramatized Poetry<br>- Gedramatiseerde Poësie<br>- Monoloog |

**Graad 3**

| | |
|---|---|
| Miané Smit | - Voordrag<br>- Gedramatiseerde Poësie<br>- Dramatized Poetry<br>- Monoloog |
| Wiané van der Berg | - Onvoorbereide lees |
| Simon Mostert | - Dramatized Poetry |

**Graad 4**

| | |
|---|---|
| Cindy Bredenhann | - Voordrag |
| Kiani de Beer | - Dramatized Poetry<br>- Voordrag |

**Graad 5**

| | |
|---|---|
| Linay Hartzer | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Dramatized Poetry<br>- Voordrag<br>- Mimiek |
| Kaitlyn Shackleford | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Dramatized Poetry<br>- Voordrag<br>- Monoloog |
| Melandie Faber | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Dramatized Poetry<br>- Monoloog<br>- Voordrag<br>- Monologue<br>- Mimiek |

**Graad 6**

| | |
|---|---|
| Calita Cornelissen | - Gedramatiseerde Poësie |
| Leané Luddick | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Dramatised Prose<br>- Mimiek<br>- Monologue |

**Graad 7**

| | |
|---|---|
| Karienke Norman | - Gedramatiseerde Poësie<br>- Voordrag<br>- Gedramatiseerde Prosa<br>- Mimiek<br>- Onvoorbereide lees |
| Milan Zwarts | - Gedramatiseerde Prosa<br>- Dramatized Poetry<br>- Poetry<br>- Monoloog<br>- Mimiek<br>- Samespraak |

# Krieket

Baie geluk aan ons o/12-krieketspan wat deurgedring het na die Mpumalanga semi-finaal wat in Oktober 2025 plaasvind.

Nathan v Niekerk, Tristan Landsberg, Mynardt Röhrbeck, Ewan Koch, Sebastiaan Matthee, Alister Walters, Nico vd Westhuizen, Jeandré Oosthuizen, Jayden Ferreira, Daantjie Lesch, Jayden v Aswegen, Mnr Abrie v Zyl, Mnr JC Oosthuizen
Afwesig: CJ Meyer, Zian Mocke









# Krieket – MPU Meisieskrieket

Baie geluk aan Melandi Faber en Hailey Herbst wat gekies is om aan die finale proewe van die Mpumalanga meisieskrieket deel te neem. Baie sterkte!

## Tennis

Baie geluk aan ons seuns- en dogterstennisspan wat as naaswenners van Gert Sibande gekroon is. Die seunsspan het aan die Rising Star Tennis Provinsiale deelgeneem en eindig 3de.




**Dogterspan**
Renesme Becker
Chaelyn Amsterdam
Kaley Knoetze
Lianke Luwes

**Seunspan**
CJ Meyer
Sebastian Stratford
HW Meyer
Hanno Luwes
Stephan Koekemoer

## Mini-Tenniskliniek

Ons stel die opkomende tennisspelers van Laerskool Goedehoop bekend! Hulle het Vrydag, 19 September 2025 aan 'n mini-tenniskliniek deelgeneem, wat aangebied is deur Me. Annemarie Meyer.



LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

# Die Skakel

## Warrior Princesses & Friends

